

Skriflesing: Genesis 49:1-12

Teks: Genesis 49:8-12

Sing: Ps. 48:1,5; Ps. 60:1,3; Ps. 68:12,13; Ps. 118:1,14

Juda, jy is dit... Broeder en suster, met hierdie woorde het vader Jakob sy toe reeds moeë oë oor hierdie vierde kind van hom en Lea laat gaan. Jakob moes reeds vir drie ouer seuns sê – julle is dit nie. Ruben – watter teleurstellende lewe, Simeon, Levi, manne van geweld, julle sal ingebind wees – *verdeel in Jakob, verstrooi in Israel*. Daar was in hierdie drie ouer seuns se lewe elke keer ‘n gebeurtenis wat gemaak het, dat Jakob moes sê – *jy sal die vernaamste nie wees nie*, en vir Simeon en Levi – *laat my siel nie kom in hulle raad nie, laat my eer nie eens wees met hulle vergadering nie*.

En as Juda voor Jakob kom staan, dan sou Jakob se moeë oë skielik skerper kon kyk – Helder sien Jakob die geslagslyn van Juda, want in dieselfde geslag is die lyn waaruit die Messias gebore sou word. Jakob sou meteens kon besef, hierdie kind van my, *jy is dit*, wat sal maak dat daar eendag vir ons gebore sal kan word, Jesus Christus, die Messias, die Verlosser van die mensdom.

Juda sal kry wat sy ander broers verloor het. Daarin sit daar op sigself eintlik ‘n stuk hartseer verkleef. Om te kry wat ‘n ander een moes verloor. Ruben, Simeon, Levi het dit eers moes verloor, dit wat Juda nou kan kry.

En selfs sou Lea by die geboorte van hierdie vierde seun besef, wat het sy elke keer nog verkeerd gedoen toe die eerste drie seuns gebore is. Toe die oudste seun gebore is, toe noem sy hom Ruben, wat beteken – “kyk, dit is ‘n seun” – met hom wou sy toe reeds probeer om Jakob se liefde na haar kant toe te draai. Sy het vir Jakob ‘n seun kon gee, voor Ragel. So het Lea vir Ragel wou afdruk, dat sy in Jakob se oë belangriker kon word. En toe sy dit met die oudste Ruben nie kon regkry nie. Toe kom die tweede kind en sy noem hom Simeon wat gewoon beteken “hoor” – Jakob moet nou kan hoor – ek het reeds vir hom ‘n tweede kind in die lewe gebring. En so het sy gehoop dat Simeon die liefde van Jakob vir haar sal wakker maak. En sy sou weer probeer om die geboorte van ‘n kind te misbruik, want toe sy en Jakob se derde kind gebore is, toe noem sy hom Levi – Levi wat beteken om “aanmekaar te bind, ingebind te wees, om te versoen”. Sy het gehoop Levi sal haar met Jakob kan versoen. Die kind moet dan skielik probeer regmaak, dit wat tussen pa en ma nie reg is nie. En ons weet, so kan dit nie werk nie.

Lea sou dit ook moes besef. Toe sy en Jakob se vierde kind gebore is, hy wat nou voor Jakob staan, toe noem sy hom die mooi naam – Juda, Juda wat gewoon beteken – “LOOF DIE HERE”. Nie weer sal sy die kind wil sien as die vermiste skakel tussen haar en haar man nie. Sy sien in hierdie kind se geboorte net die Here raak. Hierdie keer sal ek net die Here loof. Dit is al wat vir haar oorbly, toe die kind gebore is. Die naam Juda sê dit dan ook, dat die Naam van die Here moet alleen geloof word. Die kind se naam spreek nie van allerhande bybedoelings en begeertes wat Lea op verkeerde maniere wou bereik nie. In die naam lê daar iets van om waarlik kind vir God te wees. ’n Mens mag nie sê – JUDA – loof God, maar in jou lewe is jy nie besig om God te loof nie. Alles wat ek dink, wat ek doen, wat ek sê, daarin moet die Here geprys kan word.

En dit is hoe Jakob die dag daar op sy sterfbed vir Juda raaksien. Die een waardeur God geloof sal kan word. En dan sê Jakob dinge rondom Juda, wat dit laat klink asof dit maar net sowel Jesus Christus kon wees, van Wie Jakob toe-al kon praat. Hy sê Juda is ’n jong leeu – en sou Jesus ook leeu genoem word – Openb. 5:5 –*Die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid.....*

En sou Jakob verder met Juda praat – dan is daar sulke fyn lyne wat getrek word, maar die fyn lyne het almal ’n heenwysing na wat dit eintlik vir ons onmoontlik maak om nie vir Jesus Christus hierin raak te sien nie. Jakob praat van *die septer sal van Juda nie wyk nie...m.a.w.* daar sal by Juda ’n koninklikheid bestaan –uit hom sal kom ’n koninklike stam kom. Uit die stam sou later gebore word – Isai-Dawid-Salomo, tot later sou dit wees – Josef, Maria.... totdat Silo kom – en die naam Silo beteken, vredevoers, Here van vrede....

En vers 11 – *Hy maak sy jong esel vas aan die wingerdstok en die vul van sy eselin aan die edele wynstok....* Hierby dink ons weer aan wat sê Jakob nou eintlik – want Jesus se rydier toe hy Jerusalem koninklik ingegaan het, toe was dit ’n donkie en spesifiek moes daar by hierdie donkie ’n vul by haar staan (Matt.21:2). Alles so presies soos wat Jakob dit hier profeties belê.

En dan praat Jakob ook nog van *hy was sy kleed in wyn en sy gewaad in druwebloed. Hy is donkerder van oë as wyn en witter van tande as melk.* Die Nagmaal word met wyn gevier. Teken van Christus se bloed. As Jakob praat van wyn, wat kan dit vir Jakob en vir ons, anders beteken, as juis ons bloed verlossing – Jesus het ons met Sy bloed verlos. Die wyn sê

dit nog steeds. En wie Openbaring 1 lees, dan sien Johannes vir Christus in die hemel, sy oë soos ‘n vuurvlam, sy oë inderdaad donkerder as wyn en as Jakob sê – *witter van tande as melk*, dan weer sien Johannes vir Christus in die hemel, sy *hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu*. En dit alles is in harmonie met wat ons gesê het die naam van Juda beteken – om God te loof.

Nie dat Juda ooit self so wonderlik was nie, broeder en suster. Ons moet dit altyd in die Bybel raaksien. Die Bybel maak nooit van enige mens ‘n ophef nie. Wanneer die Bybel van iemand goedpraat, dan sal die goeie so genoem word, dat dit net God se genade sal wees wat moet uitstaan en die goeie daarvan sal alleen van God se genade skitter.

So gebeur dit ook by Juda. Juda het verskriklike sondes gedoen. Dink aan die gebeure in Genesis 38. Hy wat langs die pad ‘n vrou gesien het, menende dat sy ‘n prostituut is. Toe hy klaar met haar gemeenskap gehad het, is sy swanger. Watter ontdekking sou dit wees, sy is al die tyd my skoondogter Tamar van weleer. En daar word ‘n tweeling gebore. Die eerste word Peres genoem. Peres wat volgende sou kom staan in die geslag van Jesus Christus. Gebore in ‘n situasie van sonde, hierdie Peres, maar as ons mooi na Jesus se geslagsregister kyk, dan eindig die sondige situasies alles behalwe hierby.

In dieselfde geslag sou daar kom, Ragab, ruitelik ‘n hoer genoem, daar sou kom Batseba en so sou die lyn gevolg kan word, dat geen mens sou kon sê maar ons verdien Jesus Christus nie. Judas sou alles behalwe kon sê – maar my geslag verdien vir Jesus Christus!

Dit beteken waarteen Juda ook vandag vir u en my moet waarsku, want Juda is eintlik in die ware sin van die woord ook die eerste Jood wat daar was. Alles behalwe ‘n erenaam, want die woord Jood beteken letterlik, ontrou, troueloos. En sonder dat ons die Jode-nasie van vandag hierby kan intrek en hulle wil slegmaak, is dit opvallend, dat as die Bybel later vir Juda as ‘n Jood, m.a.w. ‘n ontroue uitwys, dan gebeur dit op verskillende plekke-Jeremia 3:7, Hosea 12:7, Maleagi 2:11. In elke geval is die Jood in Juda se nageslag alles behalwe die naam Juda werd-nl. om God te loof. Die Jood in die nageslag kom na vore bv. die eerste Juda wat bereid was om seks met geld te koop, om te koop en so word sy ontrouheid ook vir ons duidelik sigbaar geteken. Die Bybel probeer nooit sulke dinge wegsteek, of word daar doekies daarom gedraai nie.

Juda sou nie kon sê – maar Jesus moes in my nageslag wees nie. Kyk, ons mooi skoon rekord! Alles behalwe. Wat van Ragab, wat vanen so sal name en name genoem kan word, van sondige sondaarmense soos u en ek.

Ons kry in hierdie gedeelte ook 'n duidelike waarskuwing – pasop vir die idee dat iets my vanselfsprekend toekom. Dit is baie gevaarlik om so te dink. Ek kan maar sondig, God sal my mos maar weer vergewe. So laat die Here nie met sy genade mors nie. Al is jou naam Juda, hoof van die koning stam, dan mag geen mens dink, maar ek kan maak wat ek wil, ongeag hoe my lewe lyk nie. Hosea 6 en Hosea 8 het vir die stam Juda 'n groot ontugtering in die verband bevat.

Die waarskuwing word in teologiese taal genoem, verbond outomatisme, met die gevaar van die veronderstelde wedergeboorte. Hierdie ding verbond outomatisme, waar 'n mens dink, ek is 'n verbond kind, omdat ek in die kring van die verbond gedoop is, nou is ek ook outomaties wedergebore en 'n burger van die koninkryk. Ek is dit alles outomaties, dit vra van my niks. Ek kan my dit maar sommer alles veronderstel en vanselfsprekend aanvaar. Die gedagtegang eindig dan ongelukkig nie hier nie.

So 'n mens sal wil wegkom, met altyd net die minste. Die standaard vraag waarop die mense altyd 'n antwoord sal wil hê – Wat is die minste waarmee ek kan wegkom in my godsdienstige lewe? Wat is die minimum – standarde vir die koninkryk? Die vrug van al hierdie dinge is saamgevat in 'n opgepropte, onegte skynheilige geloof. Daar leef geen ware lewende dankbaarheid in so 'n mens nie. 'n Mens kry dan iets van 'n kruiswa-situasie in die kerk. As een so vêr kom om op te klim, dan sal hy/sy nie beweeg nie, maar die ouderling, die diakens en dominee, moet maar die kruiswaens rondstoot en sou hulle los, dan staan alles weer doodstil. Elke treetjie wat daar in die kerk beweeg word, moes aangepraat, moes gesoebat, moes gereël word en dan begin alles maar weer van vooraf. Dit is 'n meedoënlose stryd in 'n kerk as gelowiges soos kruiswaens in die kerk behandel moet word. Daar is dan op die einde werklik baie min wat geroepe is om diep in die stryd van kerk-wees betrokke te raak.

Hiermee sien u hoe vêrreikend is die gevaar van verbond outomatisme, met die ingeboude veronderstelling ek is 'n outomaties wedergeborene, waarvoor ek niks hoef op te offer nie.

En geliefdes, dan gebeur, wat in gemeentes as deel van ons kerke verband dikwels die laaste tye gebeur. Baie mense kan hulle nie werklik meer die vraag antwoord, waarom hulle gereformeerd is nie. Daar kom 'n afstand tussen my en die gereformeerde oortuigings. 'n Afstand tussen my en die belydenis wat ek moet vashou. Alle kerke word dan gesien, asof sou alle kerke maar eintlik dieselfde is, sonder om werklik te toets of is ons dieselfde of nie. Die diepe verlange na ware suiwere kerklike belydenis en gereformeerde kerkregering soos ons belydenisskrifte dit ook woord vir woord vir ons en in ons uitspel, word as onnodige struikelblokke en as onnodige verskille tussen kerke afgemaak. Mense sal met opset afstand en spanning wil bring tussen die kerk en sy belydenis. Die belydenis word bloot afgemaak as dogma, asof die dogma iets hard en lelik is wat vermy moet kan word. Terwyl dit seker net die dogma, ons belydenis kan wees, wat die ware skoonheid van God se genade in ware kerkwees so mooi saamvat en na vore bring. Dan raak die afstand vêr van die eer wat ek vir God moet bring, want ek is mos Juda, ek is mos 'n Christen. Ek kan niks oorkom nie. Alles sal mos goed gaan.

Wanneer Juda so 'n Jood raak, dan word alles 'n diepe teleurstelling. In die sin wil ons beslis nie as Jode bekend staan nie. Mag daar by ons leef die ware betekenis van die Juda-naam-nl. om God te loof. Om nie terug te deins vir jou belydenis nie. Leef voluit rondom die karakter van gereformeerd wees, staan saam in Hom, Jesus Christus, wat nie teruggedeins het om mense met 'n sweep uit die tempel uit te jaag as hulle God se eer, die ware Juda wat in die tempel moet wees, daaruit verdring het nie. Dan sal ons nie wees die Juda wat 'n Jood geword het nie, ons sal wees die Juda in die koninkryk van God, wat deur sy Gees en Woord, God waarlik wil loof. Juda wat weet God se krag en heerlikheid moet al verder uitgedra word. Na alle lande, tale, volke en nasies, moet gesê kan word – Juda loof die Here. Doen dit met volle sekerheid, doen dit opvallend, sigbaar, want u het die sekerheid u is in die koninkryk van God. Jou hele lewe spreek daarvan.

AMEN